higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE SUID-AFRIKAANSE GESONDHEIDSORGSTELSEL
NKR VLAK 2

07 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 C
1.1.2 D
1.1.3 F
1.1.4 A
1.1.5 E

(5 × 1) (5)


1.2 1.2.1 Aktiewe gemeenskapsdeelname beteken dat die gemeenskap verantwoordelikheid neem vir sy gesondheidsorgdienste.✓ Gemeenskapslede moet oplossings vind vir die probleme in hulle gebied.✓ Hulle kan 'n gesondheidswerkerplan help formuleer om die probleme in hulle gebied op te los.✓ Gemeenskapslede ken hulle gemeenskap beter as professionele gesondheidswerkers.✓ Dit help hulle om die gemeenskap waarin hulle werk, beter te verstaan.✓ Die gemeenskap werk met die gesondheidsorgstelsel saam om plaaslike probleme op te los. Dit verseker dat die gemeenskap se hulpbronne doeltreffend aangewend word.✓ (5)

1.2.2 Geregtigheid verseker dat niemand gesondheidsorgdienste ontsê word nie.✓ Alle pasiënte moet dieselfde behandel word.✓ Die vlak van gesondheidsorg moet in alle klinieke dieselfde wees.✓ Daar mag nie op grond van ouderdom, geslag of ras teen ’n pasiënt gediskrimineer word nie.✓ Niemand mag behandeling geweier word nie.✓ (5)

1.2.3 Aktiwiteite vir die bevordering van gesondheid om 'n gesonde leefwyse in 'n gesonde omgewing te help kweek, is 'n belangrike doelwit.✓ Daarby moet mense oor die gesondheidsorgstelsel ingelig word.✓ Gesondheidsinligting moet oorgedra word sodat siektes minder oorgedra word.✓ Gemeenskappe moet verantwoordelike seksuele gedrag en groter bewustheid van seksueel oordraagbare siektes, MIV en vigs aanmoedig.✓ Nieoordragbare siektes kan met die korrekte inligting voorkom word.✓ (5)

Kopiereg voorbehou

1.3



(10)
[30]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Om alle nodige inligting✓✓ te verkry om agter te kom wat Litho makeer.✓✓ Dié metode is deel van 'n omvattende gesondheidsorg-benadering. (2 × 2) (4)

2.1.2
- Sy het die beginsels van omvattende gesondheidsorg toegepas.
- Die verpleegster het Litho se ma opgelei.
- Die verpleegster het holistiese gesondheidsorg gegee.
- Sy het Litho se ma geleer hoe om te keer dat Litho weer sal ontwater. (Enige 2 × 2) (4)

2.1.3
- Bevorderlike gesondheidsorg:✓ Sy het gesondheid gevorder deur Litho se ma te leer om gesond te lewe. ✓✓
- Voorkomende gesondheidsorg:✓ Sy het Litho se ma gewys hoe om hande te was. Verder het sy vertel hoe belangrik dit is dat mens jou hande gereeld was, veral nadat jy die toilet gebruik het en voordat jy kos begin maak.✓✓
- Genesende gesondheidsorg:✓ Sy het haar geleer om sout en suiker in water op te los.✓✓
- Rehabiliterende gesondheidsorg:✓ Sy het ’n opvolgbesoek na drie weke bespreek.✓✓ (4 × 3) (12)

Kopiereg voorbehou

2.1.4
- Geen lopende water beteken die gesin het nie toegang tot skoon water nie.
- Hulle drinkwater word by 'n sentrale verspreidingspunt in die informele nedersetting gekry.
- Hulle kan nie gereeld hande was nie.
- In 'n informele nedersetting sal die regering sukkel om behoorlike dienste te lewer.
- Die water kan opraak en krane kan gesteel word. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 distrik
3.1.2 primêre
3.1.3 geografiese
3.1.4 individuele
3.1.5 verbeter

(5 × 1) (5)

3.2 3.2.1 Basiese sanitasie is hoe daar van menslike afval✓ ontslae geraak word.✓ (3)

3.2.2
- Putlatrines as daar nie toegang tot water is nie.
- Emmers word gereeld leeggemaak.
- Spoeltoilette in huise.
- Spoeltoilette buite huise of in agterplase.
- Spoeltoilette op 'n sentrale plek in die gemeenskap. (Enige 2 × 1) (2)

3.2.3 Water wat skoon✓ is en veilig✓ is om te drink en kos in gaar te maak.✓ (3)

3.2.4
- Kraanwater in 'n huis
- Kraanwater buite huise of in agterplase.
- Sentrale krane in gemeenskappe. (Enige 2 × 1) (2)

3.2.5 Voeding is die voedingstowwe wat ons inkry deur die kos✓✓ wat ons eet.✓✓ (4)

3.2.6
- Kinders jonger as ses jaar.
- Verwagtende vroue.
- Vroue wat borsvoed.
- Laerskoolkinders.
- Mense met chroniese siektes.
- Mense met oordraagbare siektes.
- Oumense. (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

3.2.7 Gemeenskapsgebaseerde voedingsprogramme gee kwesbare mense in 'n gemeenskap kos.✓✓ Die doel is om na mense in nood uit te reik en om hulle iets te gee om te eet.✓✓

Voedingsprogramme by gesondheidsfasiliteite is bedoel vir pasiënte wat opgeneem is omdat hulle aan ondervoeding ly.✓✓ Hulle help pasiënte wat as gevolg van hulle swak gesondheid 'n spesiale dieet moet volg.✓✓ (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1
4.1.1 Waar
4.1.2 Onwaar
4.1.3 Onwaar
4.1.4 Waar
4.1.5 Onwaar
(5 × 1) (5)

4.2 4.2.1
- Primêr
- Sekondêr
- Tersiêr (3)

4.2.2
- TB
- MIV
- Diarree
- Kindersiektes
- Seksueel oordraagbare siektes
- Diabetes
- Rugpyn (Enige 3 × 1) (3)

4.2.3
- Medisynevoorrade wat opraak
- Gebreekte mediese toerusting
- Wanfunksionerende mediese toerusting
- Geen water en elektrisiteit nie
- 'n Gebrek aan ambulanse
- 'n Tekort aan dokters en verpleegsters (Enige 2 × 1) (2)

4.3 4.3.1 By die ingang van elke kliniek. (1)

Kopiereg voorbehou

4.3.2
- 'n Gesonde en veilige omgewing. ✓✓
- Toegang tot gesondheidsorg. ✓✓
- Vertroulikheid en privaatheid. ✓✓
- Ingeligte toestemming. ✓✓
- Verwysing na 'n tweede dokter. ✓✓
- Keuses in gesondheidsorg. ✓✓
- Deurlopende gesondheidsorg. ✓✓
- Seggenskap in besluite wat die pasiënt se gesondheid raak. ✓✓
- Behandeling deur 'n geakkrediteerde gesondheidsorgverskaffer. ✓✓
- Weiering om behandel te word. ✓✓
- Kennis van die beleid wat hul eie gesondheidsversekering of mediese fonds ingestel het. ✓✓
- Kla oor die gesondheidsorg wat hulle ontvang. (Enige 2 × 2) (4)

4.3.3
- Volg 'n gesonde leefstyl.
- Sorg vir die omgewing en beskerm dit.
- Respekteer die regte van ander pasiënte en gesondheidspersoneel.
- Benut die gesondheidstelsel optimaal sonder om dit te misbruik.
- Weet watter gesondheidsdienste plaaslik aangebied word en verstaan wat dit behels.
- Gee akkurate inligting sodat gesondheidspersoneel die regte diagnose kan maak en die regte medisyne, voorligting en rehabilitasie kan gee.
- Lig gesondheidspersoneel in van wat moet gebeur as hulle sou doodgaan.
- Volg die voorgeskrewe behandeling en rehabilitasie getrou.
- Doen navraag oor die bestuurskoste en reël vir betaling.
- Pasiënte moenie dat hulle gesondheidskaarte en -rekords wegraak nie.

(Enige 2 × 2) (4)

4.4 'n Distriksgesondheidstelsel is die enigste manier hoe die gesondheidstelsel 'n omvattende diens kan lewer.✓✓ Die behoorlike beplanning en bestuur van dienste wat op distriksvlak gelewer word, verseker dat alle Suid-Afrikaners toegang tot gesondheidsorg het.✓✓ Effektiewe verwysingsmeganismes in en tussen distrikte en sorgvlakke lei tot 'n deurvloei in die gesondheidstelsel.✓✓ Sodoende word gesondheidsorgdienste op die doeltreffendste en effektiefste manier moontlik gelewer.✓✓ (4 × 2) (8)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 5.1.1 'Department of Higher Education and Training' (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding)
5.1.2 'South African National Blood Services' (Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens)
5.1.3 'Medical Research Council' (Mediese Navorsingsraad)
5.1.4 'Department of Health' (Departement van Gesondheid)
5.1.5 Treatment Action Campaign
5.1.6 'Primary health care' (Primêre gesondheidsorg)
5.1.7 'Integrated Nutrition Programme' (Geïntegreerde Voedingsprogram)
5.1.8 'Sexually Transmitted Diseases' (Seksueel oordraagbare siektes)
5.1.9 Tuberkulose
5.1.10 'Non-Governmental Organisation' (Nieregeringsorganisasie)
(10 × 1) (10)

5.2 Burgerlike organisasies het 'n groot ledetal✓✓ omdat lidmaatskap daarvan nie van jou opleiding afhang nie.✓✓ Enige lid van die gemeenskap kan by 'n burgerlike organisasie aansluit.✓✓ In die gesondheidsorgstelsel beywer burgerlike organisasies hulle vir kwessies wat die hele gemeenskap raak.✓✓ Afhangend van die kwessie kan burgerlike organisasies op nasionale of provinsiale vlak aktief wees.✓✓ (5 × 2) (10)

5.3 5.3.1
- Werksgeleenthede
- Behuising
- Geboortesyfer
- Sterftesyfer
- Migrasie na stede (Enige 2 × 1) (2)

5.3.2
- Politieke faktore
- Geografiese faktore
- Demografiese faktore (3)

5.4 Gesondheidsorgvoorsiening,✓ soos mediese toerusting✓ en infrastruktuur,✓ moet oor 'n lang tyd✓ gehandhaaf word.✓ (5)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou